

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA SAGIS	DATUM 2019/08/19		DATUM 2019/08/16		+ - LAST WEEK 2019/08/12		BY DIE GELD CALL OPSIE VIR DESEMBER			
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Dec '19 TERMYNPRYS	WM	YM	
DJIA-index	25886	306.62	1.20%	2579	-1.5%	26287	Call TREFFPRYS	R 3 042.00	R 2 850.00	
Goud (Spot)	1507.74	-13.79	-0.9%	1521.53	0.7%	1496.89	Call PREMIE	R 195.67	R 116.00	
Brent \$/vat	59.41	0.39	0.7%	59.02	1.7%	58.41	SAFEX GB PRYS	R 3 235.67	R 2 976.00	
1 € / US\$	1.1090	0.00	-0.10%	1.1101	-1.0%	1.1207				
1 US\$ / ZAR	15.26	0.040	0.3%	15.22	0.1%	15.24				
Corn	R 2 228.80	68	3.2%	R 2 160.64			*CBOT Corn Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Sep 12:00 the previous day			
Wheat	R 2 638.70	16	0.6%	R 2 622.83			*CBOT Wheat Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Sep 12:00 the previous day			
Soybeans	R 4 862.47	64	1.3%	R 4 798.27			*CBOT Soy Aug cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Aug 12:00 the previous day			
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)										
Corn Sep 19	371.00	10.40	2.9%	360.60			Pariteitspryse gelewer in			
Wheat Sep 19	470.60	1.60	0.3%	469.00			Randfontein. Koring DBN invoer			
Soybeans Aug 19	867.20	9.20	1.1%	858.00			pariteit ipv uitvoer pariteit			
PLAASLIKE MARKINLIGTING						Invoerpariteit / Uitvoerpariteit				
SORGHUM Sep '19	3288.00	8.00	0.2%	3280.00	3694.00	2040.00				
WMAZ Spot	2933.00	10.00	0.3%	2923.00	4380.00	2940.00				
WMAZ Sep 19	2949.00	7.00	0.2%	2942.00	3790.00	2350.00				
WMAZ Dec 19	3042.00	8.00	0.3%	3034.00	3820.00	2380.00	week 15	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS		
YMAZ Spot	2768.00	-3.00	-0.1%	2771.00	3330.00	1860.00	WEEK TOTAAL	1 306 949	581 087	1 888 036
YMAZ Sep 19	2779.00	-4.00	-0.1%	2783.00	3790.00	2350.00	JTD TOTAAL	3 795 638	4 665 008	8 460 646
YMAZ Dec 19	2850.00	-9.00	-0.3%	2859.00	3820.00	2380.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS	5 328 040	5 062 220	10 390 260
SOY spot	5682.00	-33.00	-0.6%	5715.00	6150.00	4246.00	% GELEWER VAN OES	71.2%	92.2%	81.4%
SOY Sep 19	5676.00	-42.00	-0.7%	5718.00	6555.00	4512.00				
SUN Spot	5487.00	-1.00	0.0%	5488.00	6190.00	4630.00	week 45	KORING INVOERE		
SUN Sep 19	5526.00	-44.00	-0.8%	5570.00	6190.00	4630.00	2018/19	2017/18	5 Jr. GEM	
WHEAT Spot	4717.00	77.00	1.7%	4640.00	4770.00	4450.00	WEEK TOTAAL	30 928	101 572	44 550
WHEAT Sep 19	4683.00	14.00	0.30%	4669.00	4995.00	4675.00	JTD TOTAAL	974 633	1 425 163	1 181 230
WHEAT Dec 19	4643.00	4.00	0.09%	4639.00	5096.00	4780.00	TOTAAL BENODIG	1 500 000	2 173 234	1 727 637
						JTD AS % VAN BENODIG				
						65%				
						66%				
						68%				

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R15,26 teenoor die dollar. Die rand het Vrydag-middag op R15,23 teenoor die dollar gesluit, nadat dit steun van die Internasionale Monetêre Fonds ontvang het, dat Suid-Afrika voorlopig geen finansiering nodig het nie, ondanks hoë skuldvlakke. Die JSE het Vrydag 'n moeilike handelsweek afgesluit en die dag eindig sywaarts omdat die sentiment meestal prys-negatief vir plaaslike aandele gebly het. Verbruikersinflasie (VPI) syfers word in die week vrygestel, en ontleders verwag 'n effense daling net onder die middelpunt van die Reserwebank se inflasietekens. Ru-olie verhandel vanoggend teen \$58,22 per vat. Die Amerikaanse sanksies teen Iran en Venezuela het die vraag na 'n Russiese handelsmerk ru-olie verhoog, wat die inkomste vir die uitvoerders van die land verhoog het; dit is in die nadraai van die produksie besnoeiings van die Organisasie van Petroleumuitvoerlande (OPEC) en hul vennote.

Mielies: VSA mielietermykontrakte het Vrydag-middag sterk toegeneem, met pryse wat byna 3% gestyg het. Die VSA mielietermykontrakte het egter 'n rowwe week gehad, aangesien hulle nooit ten volle herstel het van USDA se groot vraag en aanbod syfers wat Maandag gepubliseer is nie. Die termynkontrakte in September het die week met byna 9,5% gedaal. Oor die algemeen is die weer status relatief gunstig na ontleders van die bedryf en hul afsonderlike gewas-toere om opbrengs skattings te maak. Volgens die konsultasiefirma FranceAgriMer, het Frankryk se mielie-oes gehalte sedert einde Junie aansienlik agteruitgegaan, maar dit was stabiel week-tot-week, met 60% in 'n goeie tot uitstekende toestand soos op 12 Augustus. **Plaaslik:** Plaaslike mieliepryse het Vrydag gemeng verhandel. Die witiemieliekontrak vir Desember verhandel tot 'n laagtepunt van R3 040 per ton en 'n hoogtepunt van R3 067 per ton voordat dit die dag op 'n sessie hoogtepunt afgesluit het.

Sojabone: VSA sojaboon termynkontrakte het ook matig versterk, aangesien pryse ongeveer 1% hoër was. Nuus oor die vraag van sojabone het die VSA sojaboonmark vroeg Vrydag-oggend ondersteun omdat onbekende bestemmings, 296 654 ton vir die 19/20 bemarkingsjaar gekoop het. Dit gee aan die mark gemengde seine oor die betrokkenheid van VSA en Chinese handelsonderhandelinge, aangesien die media beweer dat China nie Amerikaanse produkte gaan koop nie, maar met onbevestigde boontjieverkope en sterk varkveisverkope aanstaande week, lyk dit dat hulle nog steeds oor die algemeen in die mark is. Soos mieliemarkte, sal die markrospelers die volgende paar weke fyn dophou wat die oestoe van individuele firma's en opbrengste lewer. **Plaaslik:** Plaaslike sojaboonpryse het Vrydag laer verhandel. Sojaboonkontrakte in Desember het tot 'n hoogtepunt van R5 780 per ton en 'n laagtepunt van R5 730 per ton verhandel voordat dit op R5 733 per ton gesluit het.

Koring: VSA koring termynkontrakte het Vrydag effens gestyg. Sedert Maandag se USDA-vraag- en aanbodverslag, is die VSA koring termynkontrakte die res van die week in konsolidasie-modus, aangesien pryse relatief sywaarts verhandel het. Gedurende hierdie tyd van die jaar is daar 'n venster periode waar historiese swaakheid gesien kan word namate die Amerikaanse lentekoring stroopproses begin momentum opeel. Op die oomblik is die wêreldvoorraad nog steeds ruim, en die wêreldwye koring omstandighede lyk in die meeste streke positief. Pryse sal waarskynlik op die korttermyn laag bly, met die potensiaal om te daal en veral beïnvloed word deur ander graan. **Plaaslik:** Plaaslike koringpryse het Vrydag hoër verhandel. Koringkontrakte in Desember verhandel tot 'n laagtepunt van R4 625 per ton en 'n hoogtepunt van R4 650 per ton voordat die sessie op R4 643 per ton gesluit het.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Ruan Schutte en Ikageng Maluleke / Vir navrae, kontak: ruan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

